SKENKING VAN R1 MILJOEN SE MIELIEMEEL DEUR DIE MIELIETRUST

Die Mielietrust het besluit, as deel van ‘n generiese bemarkingsveldtog wat daarop gemik is om die verbruik van mielies te stimuleer, om mieliemeel ter waarde van R1 miljoen aan mense in nood in Suid-Afrika te skenk.

Die Trust het hierdie besluit sowat vier maande gelede geneem te midde van hoë voedselpryse, wat veral teweeggebring is deur ‘n wêreldwye tekort aan voedsel en stygende energiekoste. Hierdie skenking sal nie alleen hulp aan mense in nood verleen nie, maar die bedoeling is ook om die gesondheidseienskappe van mielies te bevestig as deel van ‘n daaglikse gebalanseerde dieet.

Die Trust het verskeie organisasies geëvalueer om hierdie skenking ten uitvoer te bring en terselfdertyd in die gesondheidsdoel daarvan te slaag. Uiteindelik is bevind dat die Suid-Afrikaanse Hospice Vereniging die grootste behoefte aan so ‘n skenking toon, aangesien daar ‘n wesenlike behoefte is om maaltye aan pasiënte te verskaf, wat baie ernstig of terminaal siek is, alvorens hulle voorgeskrewe medikasie kan neem. Die verskillende Hospices is derhalwe genader om hulle behoeftes aan die Trust voor te hou en die Trust was totaal oorweldig deur die nood wat in hierdie organisasies bestaan en die goeie werk wat deur hulle verrig word ten spyte van ernstige tekorte aan fondse en hulpbronne.

Die behoeftes van die Hospices is aangevul deur enkele ander welsynorganisasies wat aan die kriteria van die skenking voldoen. Die totale behoeftes is daarna deur die Trust op tender aan mieliemeulenaars in die betrokke gebiede uitgesit. Hierdie tenders het op 15 September 2008 gesluit en is onlangs geëvalueer. Die mieliemeulenaars sal nou van die uitslag van die tenders in kennis gestel word en die lewering van die mieliemeel behoort binnekort ‘n aanvang te neem.

Om praktiese redes is daar besluit om die lewerings in 5 kg verpakkings te doen en om die skenking tot spesiale mieliemeel te beperk. Daar is ook besluit om, waar moontlik, die lewerings oor ‘n tydperk van ses maande te versprei, sodat die skenking die gewenste resultate kan toon en behoorlike hulp aan die organisasies kan verleen. In sommige gevalle is die lewerings egter slegs eenmalig weens opbergings of ander beperkings wat bestaan.

Die mieliemeelskenking sal uiteindelik aan 59 Hospices in al nege provinsies gedoen word en aan ‘n verdere 18 welsynorganisasies in sewe van die provinsies. Die werklike hoeveelheid pasiënte wat deur die skenking bevoordeel sal word, kan eers na afloop van die lewerings akkuraat bepaal word, maar die aanduidings is dat dit ‘n hele paar duisend mense oor die tydperk kan bereik.

Elke verpakking sal ‘n plakker bevat wat dit duidelik as deel van die Mielietrust se skenking van die mieliemeel identifiseer. Hierdie plakkers sal deur die Trust aan

die onderskeie meulens besorg word wat die lewerings namens die Trust gaan hanteer.

Die beraming is dat die Trust bykans 400 ton se mieliemeel op hierdie wyse aan die verskillende Hospices en ander welsynorganisasies kan versprei oor die volgende ses maande.

Hopelik sal hierdie inisiatief in ‘n klein mate bydra tot die verbeterde welstand van die mense wat daarby baat en die mieliebedryf bevestig as deel van ‘n ondersteunende landbou wat die belang van Suid-Afrikaners op die hart dra.

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx